NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie (omdat die fokus op begrip is).
- Sou die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk).
- Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder **nie gepenaliseer nie**. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op 'n ander wyse uitgelig word.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem **en/of** die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeusevrae.

## VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

1.1 ('n Sinofiel is) 'n mens wat van honde hou.

1.2 Wanneer hulle een of ander werk moet verrig soos dwelms by die lughawe uitsnuffel / mense wat onder puin lê, uitsnuffel / mense wat terapie nodig het, help. / 'n Patrolleerhond / mense in oorloë help / mense in krisisse help (enige een)

1.3 Lex moes (met sy patrolleerspan) plofstowwe opspoor.

1.4
- Hy het geweier om Lee se liggaam alleen te laat.
- Hy het Lee se liggaam probeer beskerm teen enigeen wat naby dit wou kom. (enige een)

1.5
- Sy was baie klein.
- Sy het net 1,8 kg geweeg.
- Sy was net 18 cm hoog.

(Enige 1)

1.6 1956

1.7 "gaan nie die nag oorleef nie"

1.8 Die Britte dink swart katte bring geluk (iets soortgelyks).

1.9 Hulle moes help soek na mense wat nog in die puin vasgekeer is.

1.10 "slagoffers"

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE**

2.1
- Hulle probeer (die ouers van) jong kinders teiken.
- Hulle probeer jonger kinders oorreed dat hulle produk geskik is vir hulle.
- Om die advertensie kindervriendelik te maak.
- Om te wys dat die produk ook vir kinders is.

(Iets soortgelyks)

2.2 Al die groente in die advertensie het gesigte en arms en bene.

2.3 Hulle koppel dit aan sport (gholf).
Die man wat rook, glimlag.
Hulle sê dit is smaakvol.
Vrouens hou van 'n man wat rook. (enige 2)

2.4 (Nescafé) koffie (Net Nescafé ×)

2.5 Dit word met 'n eksklusiewe produk vergelyk/geassosieer. Die aroma ruik lekker. Dit ruik lekker/die geur is belangrik.
(Enige een)

2.6 ryk+verfynde/**ryk** aroma/**verfynde** smaak (moet al twee reg hê om punt te kry)

2.7 appels / pere

2.8 B

2.9 C (In Advertensie A en D)

**VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT**

3.1 Sy glimlag (breed).

3.2 Sy spring in die lug
Sy hou haar duime op

3.3 Sy stert waai

3.4 Hy rook (pyp).

3.5 Hy waai vir die kinders/hy beweeg sy hand.

3.6 Krieket (nie Engelse spelling nie)

3.7 Sy kyk (oor haar skouer/terug) na haar ma./Sy draai haar kop na haar ma toe
Haar oë is groot.

3.8 'n Fiets/rugbybal/lorrie of trok (enige twee)

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4 OPSOMMING

**Die volgende moet in ag geneem word tydens nasien:**

- Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde mag gebruik word om twee feite te verbind **of** die wenk kan in een sin voorkom en die rede kan in 'n tweede sin voorkom.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde/frases uit teks gebruik.
- Taalfoute word nie meer gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n/en/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

**Voorbeeld-antwoord: (Die rede mag as <u>'n aparte sin</u> geskryf word)**

| **WENK:** | **REDE:** |
|---|---|
| 1 Maak jou troeteldier reg | sodat daar nie te veel ongevraagde diere is nie. (13)<br><br>sodat daar nie druk op jou troeteldier is nie. (13) |
| 2. Voer jou troeteldiere daagliks op dieselfde tyd,<br>Moenie jou diere onbeperkte toegang tot kos gee nie, | want dit gee vir hulle die nodige sekuriteit. (15)<br><br>want hulle sal hulle oorvreet. (14) |
| 3. Moenie jou diere slaan om hulle te dissiplineer nie, | omdat dit hulle deurmekaar en verward sal maak. (17)<br><br>want dit sal nie die probleem oplos nie. (17)<br><br>want jou stemtoon sal wys hoe jy kwaad is. (18) |
| 4. Maak seker jou troeteldier het 'n ID-etiket, | want dan sal jy 'n verlore dier makliker terugvind. (16) |
| 5. Kry betroubare mense om jou troeteldiere te versorg as jy weggaan, | want hulle is steeds jou verantwoordelikheid. (17) |

Aantal woorde: 78/79

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C POËSIE

- Spelling van letterkundige terminologie moet so akkuraat as moontlik wees.
- Engelse woorde word nie aanvaar nie.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie.

### VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

5.1
- Sy gebruik spoelklippe om sy naam op die strand te skryf;
- Sy skryf sy naam met haar vinger op vuil motorvensters;
- Sy skryf sy naam op spieëls wat toegewasem is;
- Sy skryf sy naam op die palm van haar hand. (enige twee)

5.2 Dit is 'n taal wat vir blinde mense/deur Louis Braille ontwerp is.

5.3 'n Mens kan nie die ink van 'n pen afwas (soos kryt) nie. OF

Die naam sal permanent op die bord bly.

5.4 5.4.1 A B C B

5.4.2 gebroke rym

5.5 Die spreker sê dat hierdie persoon **haar geliefde** is (wat alles vir haar beteken) (1), maar dat hy dalk ook vir haar **baie hartseer en pyn** gaan besorg. (1)
(enige sinvolle antwoord wat die liefde met hartseer/pyn kontrasteer)

5.6 Dit beteken dat hy/hierdie persoon dalk nie in haar gaan belangstel nie.

5.7 Sy sê dis jammer dat sy nog nie weet op wie sy verlief gaan raak nie.

### VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

6.1 Daar is min of geen leestekens nie.
Daar is min of geen punktuasie nie.
Die versreëls is nie ewe lank nie. (enige twee)

6.2 Sy wou dalk verskonings maak vir haar seun se swak gedrag;
Sy wou dalk verskoning vra oor haar seun se swak verhouding met haar.
Sy wou dalk verskoning vra dat sy nie 'n goeie/beter ma vir haar seun was nie. (enige een)

6.3 Sy het elke oggend stiptelik om seweuur gery/werk toe gegaan.

6.4 Sy het gerook / Sy verwaarloos haar seun (?)

6.5 Dit beklemtoon hoe onverwags en ontstellend dit vir mev. Van Breda was om die stukkende strelitzia te sien. (iets soortgelyks)

IEB Copyright © 2024

6.6 Want haar verhouding met haar seun is reeds sleg/swak/troebel.
Want haar seun het reeds teen haar (as sy ma) begin rebelleer.
Want haar seun het reeds begin wys dat hy nie van sy ma hou nie.
(enige een)

6.7 (met haar staar saam)

6.8 Dit beteken dat mev. Van Breda **dalk sou kon verstaan** waarom haar seun so optree.

6.9 assonansie

**VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG**

7.1 vriend

7.2 Die spreker/ die ek-persoon. (Die digter = ✗)

7.3 Die komper onthou alles, maar die spreker kan nie alles onthou nie.

7.4 kwatryn

7.5 Die komper doen net wat hy gesê word om te doen. OF
Die komper kan net die informasie weergee wat die spreker ingevoer het.

7.6 Die komper/rekenaar.

7.7 C (hy gaan koop kruideniersware by die OK)

7.8 "in die laai is ek gesleutel"

7.9 Alliterasie.

7.10 B (woordspeling).

IEB Copyright © 2024

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- In hierdie afdeling moet die taalreëls akkuraat toegepas word.
- Kandidate word vir taalfoute gepenaliseer.
- Geen halfpunte word in vraag 8 toegeken nie.
- Spelling tel in vraag 9.

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 **Die man wat** honger is, haal kos uit die yskas. OF

**Die man wat** kos uit die yskas haal, is honger.

8.2 **Verlede week** het die vrou met haar vriendin op die selfoon gestaan en praat.

8.3 **Die man vra vir sy vro**u waar sy die roomys gebêre het.

8.4 **Nee,** ek het **nog nooit** so 'n vol yskas gesien nie.

8.5 **Die hond bedel vir 'n bietjie kos, aangesien** hy gister laas geëet het.

8.6 **Drie koeke** is verlede week deur die vrou in die oond gebak.

8.7 **Al** het die man 'n uur gelede ontbyt geëet, wil hy nog iets kry om te eet.

8.8 **Nadat** die vrou van haar Pilates-oefening af gekom het, bel sy onmiddellik haar vriendin/het sy onmiddellik haar vriendin gebel.

8.9 **Die man haal die kos uit die yskas om** dit by die tafel te kan eet.

8.10 **Die vuil borde** sal later deur die man in die wasbak gewas word.

8.11 **Gister** het die man na die kombuis toe gestap; toe het hy die yskas oopgemaak.

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 herfs

9.2 grassnyer

9.3 lank

9.4 papnat/sopnat/papsopnat

9.5 blare

9.6 hopie

9.7 gebreekte

9.8 buurman

9.9 op

9.10 veertien

9.11 meter

9.12 hoër

9.13 leun

9.14 kolletjies

9.15 gereedskap

9.16 stokoud

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 10 KOMMUNIKASIE – VOORBEELDANTWOORDE:**

Taal = 1 Inhoud = 1

- ½ per taaltipe fout
- ½ as emosie nie korrek uitgedruk is nie.
- ½ as die inhoud misgetas is.

10.1 Sjoe! Waarvoor het ek myself ingelaat? Ek is so bang dat ek nie fiks genoeg vir die Comrades is nie. (20 woorde)

10.2 Ek kan nie wag om te begin nie. Hierdie jaar gaan ek probeer om in die top tien te eindig. (20 woorde)

10.3 Vanjaar gaan ek die Comrades-maraton wen, want ek het hard geoefen en die regte dieet gevolg. (16 woorde)

10.4 Ai! My vrou is baie siek, maar sy het my gedwing om vandag deel te neem. (17 woorde)

10.5 Pasop! Jou een skoenveter is los. Jy moet dit gou vasmaak voordat ons begin hardloop. (15 woorde)

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024